VLEESBAAI DIENSTE NPC

VLEESBAAI NUUSBRIEF / *VLEESBAAI NEWSLETTER*

Maart 2016 / *March 2016*

Geagte Vleesbaai Eienaar,

Welkom by die Maart 2016 uitgawe van die Vleesbaai Nuusbrief. Baie dankie vir die talle positiewe kommentare oor die nuwe styl en formaat van die nuusbrief.

***Dear Vleesbaai Owner**,*

Welcome to the March 2016 edition of the Vleesbaai Newsletter. Thank you for the many positive comments on the new style and format of the newsletter.

VERFRAAIING VAN VLEESBAAI / *UPGRADING OF VLEESBAAI*

Reaction to the upgraded Vleesbaai entrance: *The restoration of the entrance was completed just in time for the festive season. On arrival numerous visitors were pleasantly surprised by the new look. The overall effect of the low wall built on the traffic island, the garden on the island, the prominent display of the Vleesbaai logo of three oyster catchers and the freshly painted guard house was well received and many complimented it as a fitting and proud enhancement of Vleesbaai's image. The project was an initiative of "Vleesbaaiers" for 'Vleesbaaiers". We are grateful for the positive response.*

Tuine in Hoofweg: Deel van die verfraaiing van die Vleesbaai ingang was die aanlê van drie tuine in Hoofweg. Die lede van die Estetiese Komitee (meer hieroor later) was verantwoordelik hiervoor. Met die aanbreek van die vakansie was die plante maar pas aangeplant en het dit nog nie veel gewys nie. Intussen het Vleesbaai verdere goeie reëns gehad en kon die tuine pragtig ontwikkel, soos die foto van die tuin op die eiland by die ingang wys.

DIE AFGELOPE VAKANSIESEISOEN / *THE PAST HOLIDAY SEASON*

Volgepakte Vleesbaai: Vakansiegangers het die afgelope vakansieseisoen in groot getalle op Vleesbaai toegesak. Die meeste huise was vol met families en hul gaste en hier het 'n behoorlike vakansie-atmosfeer geheers. Met die goeie weer was die strande elke dag volgepak en saans was die reuk en geur van braaivleis-vure oor Vleesbaai aansteeklik.

In general the water, electricity and sanitation networks were able to cope with the increased demands. Parking was a problem by reason of the limited parking available in Main Road and elsewhere. On occasion day visitors had to park their vehicles outside the main entrance. The problem was exarcerbated by overnight parking in Main Road and illegal parking in places that prevented access to homes. Vleesbaai Dienste intends to address the problem.

Inbrake: Vleesbaai was die afgelope vakansie weereens geteister met inbrake by talle huise, veral huise naaste aan die strand. Die beveiliging van Vleesbaai by wyse van 'n omvattende sekuriteitsplan word oorweeg deur Vleesbaai Dienste. Dit bly egter belangrik dat huiseienaars as 'n eerste stap self die sekuriteit van hul wonings moet opskerp.

Dogs on the beach: *At last the Mossel Bay Municipality resolved, in time for the holiday season, that dog-owners be allowed to walk their dogs between the hours of 06:00 - 20:00 on the beach between the most southern part of Boggoms Bay and the northern part of Vleesbaai. This is subject to a strict code of conduct, including that dogs must be under strict control of the owner/dog walker at all times, and that dogs must be leashed at all times. You are also reminded that all dogs should be leashed at all times when walking them within Vleesbaai.*

ALGEMENE JAARVERGADERINGS / *ANNUAL GENERAL MEETINGS/VLEESBAAI DIENSTE*

Verslag: Die Algemene Jaarvergadering en Direksievergadering van Vleesbaai Dienste is op 19 Desember 2015 en 2 Januarie 2016 in 'n gees van konstruktiewe samewerking gehou. Benewens besluite insake die bedryf van Vleesbaai en die instandhouding van infrastrukture het die vergaderings ook die volgende belangrike besluite geneem:

- 'n Nuwe eenvoudiger en goedkoper ontwerp is vir die strand-toilette in die parkeergebied bokant Mullerlaan goedgekeur (voorbereidings vir die bou van die toilette gedurende 2016 is reeds aan die gang).
- Dat twee lewensredderstoele vir gebruik op die Middel- en Noordstrande aangeskaf moet word.
- Dat die oprig van kanorakke in die klofie agter die Hoekie ondersoek moet word as 'n oplossing vir die probleem van kanos op die houtbrug. Dit geskied in oorleg met die Keerom direksie.
- Dat 'n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir die toekomstige behoeftes van Vleesbaai ontwikkel moet word. Projekte moet geïdentifiseer en geprioritiseer word en behoeftes soos die volgende insluit: 'n omvattende sekuriteitstelsel vir Vleesbaai, restourasie van die strandmuur en parkering in Hoofweg.
- Dat vir 'n matige styging in toekomstige VD heffings begroot moet word om voorsiening te maak vir die aanvulling van die gebeurlikheidsreserwefonds waaruit toekomstige GOP-projekte befonds moet word.
- In ooreenstemming met die beleid van geen winsbejag, is die 2014/2015 heffing afwaarts aangepas met R74 per verbruiker. Die bedrag sal as 'n krediet op u staat verskyn.

Management Committee: *The Management Committee is responsible for the day to day management of Vleesbaai. It includes service delivery to residents and the maintenance of the water, electricity, sanitation and roads infrastructures. The following members of the Management Committee for 2016 were confirmed by the Board of Directors: Eddie Lotz (Chairman), Joe Roux (Management Committee Member for Finances), Jan de Wet, Wyndham Moore (Management Committee Member for Infrastructure Management), and Carl Serfontein (Secretary).*

Ons doen 'n beroep op alle Vleesbaaiers om ons by te staan in ons pogings om Vleesbaai te verbeter en beter te bestuur. Vleesbaai Dienste bestaan uit Vleesbaaiers vir Vleesbaaiers. Dit is ons almal se dorp waarin elkeen 'n waardevolle belegging het. Die verfraaiing van die dorp en die opgradering van die infrastuktuur verhoog die waarde van jou belegging. Raak betrokke!

Ons versoek u ook om so gou doenlik die Diensleweringskontrak te teken. Dit is nodig vir die effektiewe en finansieel gesonde bestuur van u dorp, Vleesbaai.

ESTETIESE KOMITEE / *AESTHETICS COMMITTEE*

Lede en funksie: Die Dagbestuur het goedgekeur dat die Verfraaiingskomitee herdoop word na die Estetiese Komitee (ESK). Die hooftaak van die ESK is om na die estetiese aspekte van Vleesbaai om te sien ten einde die genot en beeld van Vleesbaai te bevorder. Die ESK, met mev Dulcie Nel as die sameroeper, bestaan uit deskundiges op die gebiede van tuinbou, landskapontwerp, argitektuur en omgewingsake.

Priorities: *The ESK will initially focus on upgrading Main Road and its neighbouring areas, and the clearance of invasive alien plants throughout Vleesbaai. Its first successes include the cultivation of the three new indigenous gardens in Main Road and in recommending aesthetic design elements for the upgraded Vleesbaai entrance and the toilets to be built during 2016.*

Naamborde: 'n Ander projek waarby die ESK betrokke is, is die ontwerp van natuur-vriendelike inligtingsborde vir Hoofweg en op aanvraag vir die verskillende gebiede in Vleesbaai. Tans is daar 'n groot verskeidenheid van dikwels verwarrende inligtingsborde in Hoofweg en Gallie Meyerlaan en die doel is om dit te konsolideer in en te vervang met enkele keurig saamgestelde inligtingsborde. Die voorbeeld hier langsaan gee 'n idee van die styl wat vir die inligtingsborde beoog word.

INSTANDHOUDING VAN DIE INFRASTRUKTUUR / *INFRASTRUCTURE MAINTENANCE*

Waterlekkasies: Die instandhouding van Vleesbaai se elektrisiteits-, water-, riool- en paaienetwerke geniet voortdurend aandag. Terwyl die elektrisiteits- en paaienetwerke op standaard is, is die fokus tans op die beperking van waterverliese dwarsdeur Vleesbaai. Die historiese wyse waarop die reservoirs en water-netwerke in Vleesbaai ontwikkel is, bied unieke uitdagings. Die opsporing van waterlekke, die vervanging van ou stopkrane, die koppeling van hoofwaterpyplyne om watervloei te optimaliseer, die diens en kalibrering van alle massawatermeters en die opgradering van die toerusting wat die waterinvloei in reservoirs reguleer is alles aspekte waaraan die bedryfspan van Vleesbaai Dienste tans werk.

Sewerage system: *The installation of new pumps and switchgear for the main sewage tank in VAB has been completed. Vleesbaai Dienste, assisted by experts, is currently considering methods to improve the efficiency of the oxidation ponds to improve the quality of the water in the final oxidation pond with a view to render it useable. The water quality is constantly being monitored.*

FAKTURERING VAN ELEKTRISITEIT- & WATERVERBRUIK / *INVOICING ELECTRICTY & WATER CONSUMPTION*

You will shortly receive your March 2016 account for the remainder of your levy and your water and electricity consumption for September 2015 to January 2016. We would like to use this opportunity to inform you about the method used in calculating your account.

Elektrisiteit: Vleesbaai verbruikers, behalwe dié in Kloofsig, word twee keer per jaar gefaktureer vir elektrisiteitsverbruik teen dieselfde tarief as wat VD aan Eskom betaal met toelating vir ‘n aanvaarbare 10 % verlies. Die tarief is onderhewig aan goedkeuring deur NERSA. Verbruikers word soos volg gefaktureer:

September tot Januarie – 5 maande se verbruik word in Maart gefaktureer.

Februarie tot Augustus - 7 maande se verbruik word in September gefaktureer. Vir Junie tot Augustus (wintermaande) verhoog die koste per kWh wat dan ook so van die verbruiker verhaal word.

Eskom faktureer VD maandeliks met ‘n vaste koste-komponent. Dit word van u verhaal as deel van die jaarlikse heffing.

VD onderhou die elektrisiteitsvoorsieningsnetwerk (EVN) binne Vleesbaai. Die koste van onderhoud en opgradering van die EVN word van u verhaal teen ‘n tarief goedgekeur deur NERSA, na ‘n gemotiveerde aansoek deur VD aan NERSA. Die tarief word in die begroting opgeneem en is deel van u heffing. Al hierdie uitgawes moet deeglik in die aansoek gemotiveer word. VD ontvang geen finansiele hulp van buite om die EVN in stand te hou nie.

This method of calculating the electricity consumption of Vleesbaai consumers is considered by VD as the most reasonable method and has been in use since September 2015. VD encourages consumers to employ electricity saving measures, such as the use of solar power. Less consumption results in cheaper electricity for everybody in Vleesbaai.

Water: Vleesbaai verbruikers, behalwe dié in Kloofsig, word twee keer per jaar vir waterverbruik gefaktureer. Dit word teen dieselfde tarief gedoen as wat VD aan Mosselbaai Munisipaliteit betaal. VD maak geen wins op die verkoop van water. Die munisipale skale is as volg:

SKAAL	**EENHEIDSKOSTE Julie 2015 - Junie 2016**
Skaal 1: 0 tot 2000 kl	@ R 6.42 per kl
Skaal 2: 2001 tot 3000 kl	@ R 8.99 per kl
Skaal 3: 3001 tot 4000 kl	@ R 11.58 per kl
Skaal 4: 4001 tot 5000 kl	@ R 15.43 per kl
Skaal 5: 5001 tot 6000 kl	@ R 19.29 per kl
Skaal 6: 6001 tot 8000 kl	@ R 23.16 per kl
Skaal 7: 8000 kl en meer	@ R 30.88 per kl

Elke verbruiker op Vleesbaai kry ‘n gelyke hoeveelheid kiloliter in elke skaal. Die hoeveelheid word bepaal deur die aantal verbruikers in elke periode. Uit die aard van die saak is die kiloliter beskikbaar per verbruiker in die goedkoper skale minder gedurende die maande Desember en Januarie.

September tot Januarie – 5 maande se verbruik word in Maart gefaktureer.

Februarie tot Augustus – 7 maande se verbruik word in September gefaktureer.

Hierdie metode om die waterverbruik te faktureer, word deur VD gesien as die mees regverdige vir verbruikers en is sedert September 2015 in gebruik. Dit is 'n aansporing om water spaarsamig te gebruik. Doen u dit wel sal u sien dat u nou minder betaal as voorheen.

Mosselbaai Munisipaliteit faktureer VD ook met 'n vaste koste-komponent maandeliks. VD begroot jaarliks vir hierdie uitgawe en verhaal dit as deel van die jaarlikse heffing.

VD onderhou die watervoorsieningsnetwerk (WVN) binne Vleesbaai tot by die grens van elke entiteit. VD onderhou die 4 reservoirs tesame met die massawatermeters in die pypleidings. VD begroot vir die onderhoudskoste en kapitale uitgawes vir die WVN. Die kostes hiervan word verhaal in die jaarlikse heffing. VD ontvang geen finansiele hulp van buite om die WVN in stand te hou nie.

VD se bedryfsafdeling monitor die pypleiding en reservoirs vir lekkasies deur maandeliks die nodige meterlesings te neem en te rekonsilieer om sodoende waterverliese betyds te identifiseer. Waterverliese in 'n entiteit se netwerk is vir die entiteit se rekening. Waterverliese wat nie aangespreek word nie lei daartoe dat VD se kl-verbruik in hoër en duurder skale gedruk word wat weer lei tot duurder water vir alle Vleesbaaiers.

Water losses on your stand not only increases your costs, but also the cost of water for every consumer in Vleesbaai. Owners who are not residing permanently in Vleesbaai are requested to close the main supply tap to their residences when not in Vleesbaai. VD encourages all consumers to use water sensible in such a way that savings become possible. Less consumption results in cheaper water tariffs for everybody. Consumers are also encouraged to use methods that will save water, such as the installation of storage tanks for rain water that can be used for garden irrigation and other uses. Water remains a scarce commodity in SA and will become more expensive in future.

VLEESBAAI DIENSTE KANTOOR / *VLEESBAAI DIENSTE OFFICE*

Your e-mail address please: *In the modern age e-mail has become by far the most convenient and efficient way of communication. You are requested to please supply us with an up to date e-mail address. It will greatly simplify our administration and ensure that you receive all VD communications timeously.*

VD Kantoorpersoneel: Die personeel van die VD Kantoor wat met soveel toewyding en kundigheid die sake van Vleesbaai bestuur is, onder andere, die volgende:

- **Finansiële Bestuurder:** Mnr Philip Fourie en sy kontakbesonderhede is 044 699 1242 (werk), 086 511 6993 (faks) en vleesbaai@iafrica.com.
- **Bedryfsbestuurder:** Mnr Chris van Zyl en hy kan gekontak word by 044 699 1242 (werk), 083 680 6033 (sel), 086 545 4935 (faks) en vleesbedryf@iafrica.com).

Work on contract: *Home owners may contact the Mr Chris van Zyl for minor or urgent repairs at your premises, except during the holiday months of December and January. You will be billed separately for this.*

Vleesbaai groete / *Kind regards*

Carl Serfontein
VD Sekretaris / *VD Secretary*
073 620 4155
carl.serfontein@vodamail.co.za